education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

DANSSTUDIES

FEBRUARIE/MAART 2009

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

EASTERN CAPE

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Dansgeskiedenis en -teorie	(70)
AFDELING B:	Musiekteorie	(20)
AFDELING C:	Anatomie en Gesondheidsorg	(60)

2. Lees deur die hele vraestel voordat jy dit beantwoord.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. By VRAAG 5 en 6 van die Dansgeskiedenis-afdeling en VRAAG 10 van die Musiek-afdeling moet daar slegs oor die **voorgeskrewe choreograwe en danswerke** geskryf word. 'Internasionaal' verwys na choreograwe en hul danswerke wat nie Suid-Afrikaans is nie.

5. VRAAG 10 in die Musiek-afdeling: Let daarop dat daar GEEN punte vir die naam van die choreograaf, titel van danswerk en komponis toegeken word NIE.

6. Indien jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

7. Laat DRIE reëls oop na elke antwoord.

8. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

10. Punte word NIE volgens EEN punt vir EEN feit toegeken nie, maar volgens die gehalte van die antwoord. Laat die puntetoekenning vir jou 'n gids wees om nie te veel of te min te skryf nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: DANSGESKIEDENIS EN -TEORIE

VRAAG 1

Evalueer hoe die vak Dansstudies jou voorberei het of nie voorberei het nie vir jou moontlike toekomstige loopbaan. Noem die moontlike loopbaan wat jy graag wil volg en gee redes vir jou opinie. **[5]**

VRAAG 2

Jy moet 'n vermaaklikheidsaand om die verskillende vorms van dans in Suid-Afrika te vier, vir jou skool beplan en op die planke bring.

2.1 Gee die aand 'n toepaslike naam. (1)

2.2 Maak 'n lys van die verskillende dansvorms wat by die vertoning opgevoer sal word. (1)

2.3 Beskryf die vereistes waaraan die plek waar die vertoning gehou gaan word, moet voldoen. (3)

2.4 Berei 'n voorlopige begroting voor waarin alle fondse wat benodig sal word, uiteengesit word. (3)

2.5 Stel TWEE metodes voor wat jy sal gebruik om fondse vir hierdie vertoning in te samel. (2)

2.6 Maak 'n lys van ander rolspelers wat nodig sal wees om jou met hierdie vertoning te help en noem wat van elkeen verwag sal word. (3)

2.7 Beveel maniere aan waarop jy hierdie vertoning sal bemark. (2)
[15]

VRAAG 3

Lees die oorsig van die fliek *STEP UP* hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die fliek *STEP UP*: 'n Moeilike seun genaamd Tyler verdien ekstra geld deur motors te steel. Hy word gevang terwyl hy die eiendom van die Kunsskool in die plaaslike omgewing verwoes. Hy word na die skool gestuur om gemeenskapsdiens as sy straf te verrig.

Terwyl hy die gemeenskapsdiens verrig, hou hy 'n meisie, Nora, dop, wat besig is om voor te berei vir haar finale choreografiese vertoning. Hy is gefassineer en kyk aandagtig na wat sy doen. Tyler is 'n toegewyde hip-hop-danser wat dit geniet om sosiaal by klubs te dans. Hy sou egter nooit eers daaraan gedink het om 'n dansloopbaan te volg nie, as gevolg van sy bendevriende se siening van die manlike beeld.

Tyler bied aan om Nora te help toe haar dansmaat beseer word. Sy stem in en hy werk baie hard en oorrreed haar selfs om haar benadering tot die choreografie te verander en om sy hip-hop-styl in te sluit. Tyler spandeer meer tyd in sy nuwe omgewing en verwaarloos sy ou bendevriende.

Net voor Nora se finale vertoning besluit sy om Tyler met haar oorspronklike dansmaat te vervang. Tyler is baie ongelukkig en keer terug na sy bende. Tydens een van hulle uitstappies steel die broer van een van die bendelede 'n motor en is betrokke by 'n noodlottige ongeluk. Hierdie ongeluk laat Tyler besef dat hy sy lewe moet verander.

Tyler vind uit dat Nora se dansmaat haar weereens in die steek gelaat het, en hy haas hom na die vertoning om in sy plek te dans. Die gevolg is dat Nora die choreografiese kompetisie wen en Tyler word 'n plek by die Kunsskool aangebied om sy studies te voltooi.

Hy besef dat dit aanvaarbaar is vir mans om te dans en volg sy nuwe lewe met entoesiasme na en met die ondersteuning van sy eertydse bendemaats. Hulle besef ook dat sy talente en belangstellings hom na 'n meer betekenisvolle lewe gelei het en hulle begin hulleself te verander deur sy voorbeeld te volg.

3.1 Bespreek die voorbeeld van groepsdruk soos in hierdie storie getoon en die verwantskap daarvan met stereotipering. (5)

3.2 Hoe dink jy kan dans tot die vermindering van misdaad bydra? (5)
[10]

VRAAG 4

Jy het ten minste EEN inheemse of kruiskulturele dansstyl bestudeer. Gee 'n beskrywing van die dansstyl bestudeer en sluit die volgende inligting in:

4.1 Gee die naam van die styl wat jy bestudeer het en die oorsprong daarvan. (2)

4.2 Verduidelik waar, wanneer en deur wie dit gewoonlik uitgevoer sal word. (3)

4.3 Bespreek die opvoeringselemente, byvoorbeeld kostuums, musiek, bykomstighede, toneelrekwisiete gebruik. (3)

4.4 Wys die kenmerke van die dans uit. (2)
[10]

VRAAG 5

Kies EEN van die voorgeskrewe **INTERNASIONALE** choreograwe wat jy hierdie jaar bestudeer het. Gee die volgende inligting:

5.1 Naam van die choreograaf (1)

5.2 Choreograaf se land van herkoms (2)

5.3 Titel van die danswerk (1)

5.4 'n Beskrywende sinopsis/samevatting van die werk (5)

5.5 Hoe die opvoeringselemente, byvoorbeeld kostuums, musiek, beligting en toneelrekwisiete of dekor/toneelskikking gebruik, die werk versterk (3)

5.6 Verduidelik hoe die choreograaf se agtergrond hierdie werk beïnvloed het (3)
[15]

VRAAG 6

Stel programnotas op vir 'n voorgenome opvoering wat EEN van die voorgeskrewe Suid-Afrikaanse choreograwe en sy/haar werk as glanspunt het. Sluit die volgende inligting in:

6.1 Die biografie van die choreograaf (5)

6.2 'n Oorsig/Tema van die werk wat uitgevoer gaan word (5)

6.3 Fokus die gehoor se aandag op die opvoeringselemente, byvoorbeeld kostuums, musiek, beligting, toneelrekwisiete wat gehelp het om die danswerk suksesvol te maak (5)
[15]

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B: MUSIEKTEORIE

VRAAG 7

Vier musieknote word hieronder genoem. Vervang die naam van die noot met die korrekte musieksimbool:

7.1 Halwe noot
7.2 Heelnoot
7.3 Agstenoot
7.4 Kwartnoot **[4]**

VRAAG 8

Teken AL DRIE mate in die ANTWOORDEBOEK oor en vervang ELKE ster met die EEN korrekte noot wat uitgelaat is.

[4]

VRAAG 9

Kies EEN van die musiekkomponente wat hieronder genoem is:

MELODIE; HARMONIE; RITME; DINAMIKA; TOONKLEUR

Verduidelik wat dit is en toon dan in jou verduidelikking hoe hierdie begrip van die musiekkomponent jou danskwaliteit en keuse van dansmusiek kan versterk/verbeter. **[5]**

VRAAG 10

Analiseer die musiek wat in EEN van die voorgeskrewe **INTERNASIONALE** danswerke wat jy bestudeer het, gebruik is en evalueer hoe dit die opvoering versterk of verbeter het.

(Onthou om die naam van die choreograaf, titel van die danswerk en die komponis aan die begin van jou antwoord te noem.) **[7]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C: ANATOMIE EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 11

11.1 Skryf die name van die spiere gemerk A – H in die diagram hieronder in die ANTWOORDEBOEK neer.



(8)

11.2 Identifiseer die aksies wat in die danser se gewrigte wat hieronder genoem word, plaasvind: (Vewys na die diagram hierbo.)

11.2.1 Die danser se elmboë (1)
11.2.2 Die danser se enkels (1)

11.3 Noem TWEE van die spiere wat verantwoordelik is vir die aksie in die danser se voete. (Vewys na die diagram hierbo.) (2)

[12]

VRAAG 12

Verduidelik waarom opwarming en afkoel so 'n belangrike deel van 'n danser se oefenroetine behoort te wees. **[8]**

VRAAG 13

Wat is goeie houding/postuur? Verduidelik waarom dit so belangrik is in alle vorms van dans. **[5]**

VRAAG 14

14.1 Om goeie voeding en 'n gesonde liggaam te handhaaf, maak 'n lys van die voedselgroepe wat 'n danser daagliks moet eet. (5)

14.2 Verduidelik die belangrikheid van hidrasie in 'n danser se dieet. (5)

14.3 Hoe speel goeie voeding 'n belangrike rol in die geveg teen MIV/Vigs? (2)
[12]

VRAAG 15

Inspanning verhoog die risiko van beserings vir 'n danser.

15.1 Bespreek die uitwerking van inspanning op die danser se liggaam. (4)

15.2 Verduidelik die belangrikheid van ontspanning en stel metodes om te ontspan voor. (4)
[8]

VRAAG 16

Fiksheid bestaan uit die verskillende komponente wat hieronder genoem word.

UITHOUVERMOË; KRAG; SOEPELHEID; KERNSTABILITEIT;
NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE

16.1 Verduidelik ELK van hierdie komponente. Noem maniere om jou liggaam op te lei en te ontwikkel in ELK van hierdie komponente. (10)

16.2 Bespreek hoe hierdie komponente almal saamwerk om beserings te voorkom. (5)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 60

GROOTTOTAAL: 150

Copyright reserved